

Die rooivleisbedryf staan 'n hele rits uitdagings in die gesig as dit by klimaatsveranderinge kom, het Gerhard Schutte, hoof uitvoerende beampte van die nasionale Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) tydens 'n werkswinkel oor klimaatsveranderinge wat deur die verskillende veebedrywe gehou is gesê.

Die landbou se bydrae tot kweekhuissasie in Suid-Afrika is tussen vyf en tien persent, terwyl 80 persent daarvan afkomstig is van lewendehawe wat dus tussen vier en agt persent van emisies verteenwoordig

Die vraag is hoe dié situasie verbeter kan word, en dit is baie duidelik dat die rooivleisbedryf deel behoort te wees van die oplossing, het Schutte gesê.

Hy het gesê 70% van die landbougrond in Suid-Afrika is slegs geskik vir vee- en wildboerdery, terwyl 40% van die vee in die land deur opkomende- en bestaansboere besit word. Suid-Afrika is 'n netto invoerder van beesvleis, skaapvleis, speenkalwers en lewendige bokke. Internasionale studies toon dat die kommersiële rooivleissektor van die land kompetend is. Terwyl die suiwelbedryf bykans selfversorgend is, is die sybokhaar-, wol- en volstruisbedrywe uitvoer-gerig.

Tans is die grootste knelpunte die uitdaging om grasvelde en weidingsvelde te herstel, asook die toepassing van risiko-bestuur en ondersteuningstelsels. Ander knelpunte sluit in verbeterde produksiedoeltreffendheid, met gepaardgaande volhoubare veeproduksie, die bevolking se behoefte aan voedsel, vesel en voedingstowwe.

Schutte het die volgende behoeftes van die rooivleisbedryf uitgespel:

- Die Suid-Afrikaanse veebedrywe wil deel van die bespreking en debat rondom klimaatsveranderinge wees.
- Die veebedrywe wil ook deel van die oplossing vir die probleem wees.
- Oplossings in terme van klimaatsveranderinge moet op wetenskaplike beginsels gegrond wees.
- Die veebedrywe wil insae hê en deel wees van 'n beleid om klimaatsveranderinge aan te spreek.
- Die probleem moet uit 'n Afrika-oogpunt benader word.
- Daar moet bepaal word waar Suid-Afrika in die internasionale agenda inpas.
- Suid-Afrika sal moet besluit of hy wil volg of lei.
- Dit is belangrik dat die veebedrywe van Suid-Afrika 'n gesamentlike front sal voorhou.

- Die silos tussen bedrywe en navorsers moet afgebreek word.
- Navorsing- en beleidsprogramme moet op 'n gekoördineerde manier aangepak word.
- Hulpbronne moet gekoördineer word
- Dit is belangrik dat daar nie op modelle gefokus sal word nie.
- Kodes van Beste Praktyk is van kardinale belang – elke veebedryf moet dit in plek hê.
- Die opkomende sektor moet betrek word.
- Die belangrikheid van voedselsekerheid mag nooit uit die oog verloor word nie.
- Natuurlike hulpbronne moet bewaar word.
- Die belangrikheid van die vee in Afrika moet nie onderskat word nie.

Die veebedryf word dikwels in die media aangeval, veral as dit oor die omgewing en volhoubaarheid gaan. Die veebedrywe van Suid-Afrika erken dat veeboerdery vir tussen vier en agt persent van die die vrystelling van kweekhuisgasse en klimaatsveranderinge verantwoordelik is.

Die veebedrywe het op 30 Januarie 'n werkswinkel gehou om die soeklig te laat val op projekte oor klimaatsverandering wat tans onderneem word, asook programme wat deur ander rolspelers onderneem word in terme van klimaatsveranderinge. Die mees prominente navorsers in Suid-Afrika, sowel as bedryfsvennote, het die werkswinkel bygewoon.

Die doel van die werkswinkel was om 'n sentrum vir uitnemendheid vir die veebedryf van Suid-Afrika vir die klimaat en omgewing daar te stel, met die volgende as doelwitte:

- Om die beskikbare navorsing en toepassing van inligting te deel.
- Om ander inligting rakende studies en huidige inisiatiewe te versamel.

- Om die “Climate sector plan for Agriculture, Forestry & Fisheries” as published on 7-1-2013 for comment by 7-4-2013” te bestudeer en te vertolk.
- Om ‘n inligtingsentrum en databank op die been te kry.
- Om die kapasiteit vir navorsing en ontwikkeling uit te brei.
- Die identifisering van risiko-gebiede en potensiële risiko’s, sowel as die prioritisering daarvan.
- Die aanpak van navorsing- en ontwikkelingstudies.

Al die doelwitte moet in noue skakeling met die deelnemende bedrywe aangepak word, sodat die spesiale uitdagings wat die rooivleisbedryf in die gesig staar, doeltreffend aangepak word.

Tydens die werkswinkel het elke bedryf die geleentheid gehad om spesifieke behoeftes en prioriteite uit te lig. Die volgende wetenskaplike sprekers het opgetree: Dr G Scholtz, dr F Engelbrecht (WNNR), dr B Scholes WNNR), Dr L Stevens (Noordwes-Universiteit), prof R Schulze (Universiteit van KwaZulu-Natal), dr A Hassan (Universiteit van Pretoria), L du Toit (Tshwane Universiteit van Tegnologie) en Dr G Backeberg (WRC).

Die volgende belangrike faktore moet in gedagte gehou word:

- Die voedingswaarde van vleis en suiwel asook produkte wat van beide gemaak is, die funksies daarvan in ‘n volhoubare dieet en die implikasies van ‘n vermindering van vleisinname in die gezondheidstatus van ‘n gemeenskap waar mikro-voedingswaardegebreke al meer voorkom;
- Die multi-dimensionele rol van vee in ‘n volhoubare stelsel van voedsel, leer en vesel.
- Moontlike aangepaste reaksies om die opkomende sektor se weerloosheid in terme van klimaatsrisiko’s te verminder.
- Die prysenswaardige vordering wat in die vleisbedryf maak in sy pogings om voortdurend te verbeter.

Die werkswinkel is afgesluit met die samestelling van ‘n konsepplan vir navorsing en ontwikkeling vir die fokusarea van klimaatsverandering en die watervoetspoor. Die volgende uitdagings moet aangespreek word:

- Herstel van die waarde van grasvelde en weidingsvelde.

- Pastoriale risiko-beheer en ondersteuningstelsels vir die neem van besluite.
- Verhoogde produksiedoeltreffendheid.
- Aardverwaring en volhoubare veeproduksie.
- Die gebrek aan 'n verband tussen voedsel en voedingsbehoefte.
- Kweekhuisgasse van Suid-Afrikaanse vee, koolstof uitlatings en die watervoetspoor.
- Kweekhuisgasse, water en afvalbestuur.
- Die opkomende sektor.
- Voedselsekerheid.

Die vleisbedryf voel dit is van kardinale belang om 'n gebalanseerde persepsie te hê oor hoe produkte geproduseer word en verbruik word op 'n manier wat die beste bydrae tot 'n volhoubare voedselstelsel. Dit is bemoedigend dat ander bedrywe ook bydra tot die proses.

Skakeling sal gekoördineer word deur prof Hettie Schönfeldt (Rooivleis Navorsing en Ontwikkeling SA navorsingsbestuurder) en dr Giel Scholtz (Werksgroep se hoofkoördineerder).